

## 3 Junie Romeine 6:8-11

(Teks:6:11)

### ***Ek hét gesterf, en nou leef ek vir God***

Het dit al by jou opgekom om jousef te verskoon van gehoorsaamheid aan die Here, met die oorweging dat die genade van God tog oorweldigend meer is as ons oortredings? Was Christus se bloed dan nie alle skuld weg nie?!

'n Mens kan natuurlik so begin dink, veral as jy vir jousef baie voordele sien in die negering van God se gebod in spesifieke omstandighede.

Paulus is gou om sodanige gedagtes te kelder, veral as mense beweer hy voed dit (5:20). Hy is baie beslis: In die lewe van 'n mens wat in Christus is, heers die genade. Jy leef vir God, nie vir die sonde nie.

Jou geloof in die Here Jesus Christus het tog die besondere karakter dat dit jou vereniging met Christus beteken, nie waar nie? (6:11). Hy het jou mos by Hom ingeplant (Vergelyk Joh. 15:1-8), ingelyf. Jy en Christus is nie meer van mekaar te skei nie. Wat met Hom gebeur het, het ook met jou gebeur. Hy het vir jou gesterf en jy het ook sáám met Hom gesterf en is saam met Hom begrawe. Jou ou natuur wat sy eie kop en hart volg is saam met Christus in die graf in. Christus het die mag van die sonde verbreek. Jou doop wys ook na die gebeurtenis.

In die harwar van begeertes, drifte, aksies en reaksies wat vandag by jou sal opkom, sal "slawedrywer" sonde (vers 6) jou wil herower. Jy moet egter deur die Heilige Gees 'n nugter oordeel oor jousef vorm, oor wie jy is: Ek is dood vir die sonde, ek leef vir God.

Sing Psalm 99:4

Ds. A J. du Plessis (Emeritus)